

DIE WAARDE VAN BLYDSKAP IN ONS LEWE.

Die aankondiging deur Gabriël in Nasaret van Jesus se koms na ons wêreld was 'n moment in die geskiedenis wat die grootste en belangrikste gebeurtenis was wat tot nou toe plaasgevind het. Benewens die openbaring van God self in sigbare vorm en persoon het Jesus die motief, doel en hart van die Vader aan ons kom vasmaak. Een van die vele en wonderlike gevolge van Sy koms is dat Hy vir ons goeie nuus en *blydschap* sou bring.

“En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees.”

Jesus belowe ons hierdie blydschap sal nie net blywend en volkome (complete, full measure, overflowing) wees nie, maar voeg by: niemand sal dit van ons wegneem nie! Dit beteken Jesus gee ons die vermoë as ons dit ontvang het, om die blydschap te beskerm en te behou. **“Dit het ek vir julle gesê, dat my blydschap in julle kan bly en julle blydschap volkome kan word.”** Joh. 15:11. **“...en niemand neem julle blydschap van julle weg nie”** Joh. 16:22(b). Dit is belangrik om te sien dat Jesus sê Hy gee vir ons Sy blydschap wat dan *ons* blydschap word! God se kinders kan Jesus se persoonlike blydschap ervaar. Dit is nie 'n afgewaterde, tweedehandse emosie nie, maar die ware Jakob, of selfs beter - die ware Jesus! **“ And now I am coming to You; I say these things while I am still in the world, so that My joy may made full be full and complete and perfect in them (that they may experience My delight fulfilled in them, that My enjoyment may be perfected in their souls, that they may have My gladness within them, filling their hearts.)”** Joh. 17:13. (Amp)

Geen wonder Paulus haak vas op een noot as hy sê: **“ Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! ”** Fil. 4:4. In sy boek aan die gemeente van Filippie verwys Paulus 9 keer na die waarde van blydschap in 'n gelowige se lewe en die belangrikheid daarvan.

Soos reeds genoem, Jesus sê ons kan hierdie blydschap verkry en behou. Dit is een van die grootste leuens van satan dat ons nie beheer het oor die soort emosies wat ons ervaar nie. Baie keer as ons 'n negatiewe emosie beleef soos droefheid, vrees, bekommernis, neerslagtigheid en negatiewe, 'hanteer' ons dit soos die weer. Ons verdra dit maar net. Ons hoop net soos dit gekom het, net so sal dit verdwyn. Al kies ons nie altyd die emosies wat ons oorval nie, verduur ons dit maar met die verskoning dat dit nou maar is ons lot is. Ek voel vandag.....en daarom is ek vandag.....

Jesus het vir jou wonderlike nuus! Jy kan in beheer wees oor die soort emosie wat jy blywend wil ervaar! Ons kan ons blydschap, Sy blydschap, voortdurend, elke dag, beleef. Nie net op 'n Sondag of verjaarsdag nie. Blydschap is 'n vrug of beter gestel, karaktertrek van die Heilige Gees. En Hy het gekom om te bly. In ons!

Hoe kan ons blydschap permanent ervaar?

1. Verbly jou in wie die Here is.

“ Stuur U lig en U waarheid; laat die my lei; laat die my bring na u heilige berg en na u woninge, dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydschap en ek u kan loof met die siter, o God, my God! Wat buig jy jou neer , o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesig en my God.” Ps. 43:3-5. **“ Juig voor die Here o ganse aarde! Dien die Here met blydschap; kom voor Sy aangesig met gejubel. Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide. Gaan sy poorte in met lof, sy voorhove met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam. Want die Here is goed, sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.”** Ps. 100. Wie is die Here vir jou? Verbly jou daarin deur dit vir Hom te sê.

2. Verbly jou in wat die Here doen.

“ Ek is baie bly in die Here, my siel juig in my God; want Hy het my bekleed met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel – soos ‘n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos ‘n bruid wat haar versier met haar juwele.” Jes. 61:10. Jesus het gesê ons moet ons nie verbly daarin dat demone aan ons gehoorsaam is nie (al behoort dit so) maar eerder dat ons name in die boek van die lewe geskryf is. Wat het die Here al vir jou gedoen? Verbly jou daarin deur jouself en Hom gedurig daaraan te herinner.

3. Verbly jou in die hoop van die toekoms.

Dit is slegs die kinders van God wat kan uitsien na ‘n ewige, volmaakte lewe as Jesus terugkeer. Volmaaktheid in volkome heiligheid. Die hoop van alle heerlikheid – Jesus in ons. **“ Verbly julle in die hoop; ”** Rom. 12:12. Is jy opgewonde – dankbaar dat Jesus weer kom? Getuig dit! Leef dit! Vier dit!

4. Verbly jou in die waarheid dat God deur die Heilige Gees jou bekwaam om Sy wil te doen. Hy stel ons in staat om Hom te gehoorsaam sodat ons Sy erfdeel kan ontvang. Jesaja 58 sê wat ware vas beteken: om nie in ‘n sielstoestand van bekommernis en angs te val nie, om elke juk en las van onderdrukking af te gooi, om uit te deel vir mense wat behoef is, om nie ander te veroordeel nie, waarheid te spreek, om in Sy rus te lewe **“ dan sal jy jou verlustig in die Here, ”** Is jy bly jy kan, omdat God deur jou kan?

5. Ten alle tye, onder alle omstandighede jou te verbly in die Here.

“ Alhoewel die vye boom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – nogtans sal ek jubel in die Here, sal ek juig in die God van my heil.” Hab. 3:17,18. Selfs al weet ons slegte tye lê voor? Omstandighede gaan ten kwade verander? Dit is waarvan Habakuk praat. Selfs dan. Altyd.

Wat is die vrugte van standhoudende blydschap in ons lewe?

1. Ons leef ‘n lewe van oorwinning omdat dit ons bekwaam om ons erfdeel van God in besit te neem. **“ dan sal jy jou verlustig in die Here, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die Here het dit gespreek.”** Jes. 58:14. Dit maak my die kop en nie die stert nie. Voorspoedig in alle omstandighede. Onder die guns van God.

2. Blydschap gee ons outoriteit en gesag op aarde en in die hemele oor ons vyand en sonde. As ons God ons hoogste prioriteit maak en Sy Koninkryk eerste stel, Sy Woord ernstig opneem, leer Job ons: **“ Dan sal die Almagtige jou gouderts wees en stawe silwer vir jou. Want dan sal jy in die Almagtige jou verlustig en jou aangesig tot God ophef. Jy sal tot Hom bid, en Hy sal jou verhoor; en jy sal jou geloftes betaal. Besluit jy iets, dan kom dit tot stand; en oor jou weë skyn ‘n lig. As die afdraand loop, dan sê jy: Boontoe! En hom wat neerslagtig is, verlos Hy. Hy red selfs hom wat nie onskuldig is nie; ja hy word gered deur die reinheid van jou hande.”** Job 22:25 -30.

Ons ervaar ‘n dimensie van God se blydschap wat gesetel is in Sy heerskappy soos Ps 2 beskryf as Hy spot dryf met Sy vyande. Ek sien in my gedagtes hoe ‘n insek voor ‘n olifant gaan staan en verwag die olifant moet vir hom uitdraai. Die Here se blydschap in ons en oor ons plaas ons in ‘n onaanvegbare posisie met God aan ons kant. Dit bring vreugde, genoegdoening en blydschap en waardering in ons harte.

“Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die Here en teen Sy gesalfde en sê: Laat ons hul bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle”

3. Wanneer ons onself verbly in die Here, vervul Hy ons harts begeertes. Dit is nie die begeertes van die vlees nie! Dit is die begeertes van 'n hart wat deur die Gees van God gelei word. **“ en verlustig jou in die Here, dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.”** Ps. 37:4.
4. Blydskap baar vrede en kommer en gesug gee pad. Die prins van alle emosies is vrede. Deur ons te verbly in die Here is daar nie plek vir bekommernis, vrees en angs nie. **“ en die losgekooptes van die Here sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg.”** Jes. 35:10.
5. Wanneer ons blydskap in die Here in plek is, is ons veilig en beskermd. Wie sal nie graag in ons land in hierdie tyd veilig wil wees nie? Salomo sê as die Here nie jou huis en eiendom en besigheid bewaar nie, is al die sekuriteit wat ons duisende rande kos, tevergeefs. Al het mense die duurste veiligheidsmaatreels in plek, leef hul nog steeds in vrees in ons land. God se sekuriteitstelsel is blydskap! **“ Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting.”** Neh. 8:11(b). Nehemia het ervaar toe sy vyande Sanballat en Tobia teen hom saamsweer en wou doodmaak, was sy blydskap sy wapenrusting! Hy was besig om God se stad te herbou. Wie se stad bou jy? Bou jy alleen?
6. Duisende rande se mediese onkoste en die ongerief van siekte kan voorkom word as ons blydskap in ons lewe het! Siekte en krankheid het volgens die Woord weinig vatplek in ons lewe as ons ons verbly in die Here. God se vitamines en 'tonic' teen siekte is jou blydskap in Hom. **“ 'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog.”** Spr. 17:22.

Petrus noem hierdie emosie van blydskap iets wat woorde nie kan beskryf nie en deel is van die heerlijkheid van God. “ vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n **onuitspreeklike en heerlike blydskap.** “ 1 Pet. 1:8.

Kies vandag om in alle omstandighede jouself voortdurend te bederf met die heerlike voorreg om jou te verbly in die Here! Wat 'n voorreg! Amen.